**24 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 78**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 78:3-4, 7-8**

## God se ontferming, getrouheid en lankmoedigheid

Die geskiedenis van Israel, die bondsvolk van die Here, leer ons ‘n belangrike les. Dit getuig van God se genade vir ’n sondige en ongehoorsame volk. Psalm 78 roep gelowiges op om terug te dink en God vir sy roemryke dade te prys: hoe Hy Israel uit Egipte bevry, hulle dwarsdeur die woestyn gelei, hulle in die beloofde land gebring en hulle uit ballingskap gered het. Dwarsdeur die geskiedenis van die bondsvolk skitter sy ontferming, getrouheid en lankmoedigheid helder en duidelik. Daarteenoor sien ons egter ook dwarsdeur alles die bedroewende hardkoppigheid en sonde van Israel, ‘n opstandige, ongehoorsame en ontroue volk! Omdat hulle in sonde bly volhard het, het die regverdige oordeel en straf van die Here hulle getref. Tog het Hy sy verbond gehandhaaf en ’n oorblyfsel, Juda, gered. Hy lei hulle om volgens sy Woord te leef. In die kruisdood en opstanding van Christus word die wonder van sy regverdige straf en van sy verlossende genade selfs nog duideliker aan ons geopenbaar. Jesus sterf in ons plek, sodat ons vrygespreek mag word om ‘n nuwe lewe onder leiding van die Gees van God te hê! Deur ons hieraan te herinner, roep die Here elkeen van ons op tot voortdurende selfondersoek en daaglikse bekering. Hy wil dat jy in opregte geloof op Hom alleen bly vertrou en Hom sonder ophou loof en prys, want Hy bly immers ewig trou aan sy verbond!

*Sing: Psalm 68:9, 13* *Ds Johan Myburgh (Meyerton)*